<u>Volksaard</u>. In hierdie afdeling bestaan daar geen plekname meer nie behalwe 'n paar wat betrekking op historiese gebeure het en waarvan die aard en ontstaan selfverklarend is nl. Guchanop (Douglas) en Keimoes. Besitreg by die Khoisan was swak ontwikkel met die gevolg dat persoonsname in die naamgewing nie voorkom nie. Grondbesit by hulle was gemeenskaplik en die omvang daarvan het gewissel al na gelang die tyd en omstandighede - 'n eienskap wat by die Suid-Afrikaanse herdersvolke inherent is.

<u>Volskgeloof</u>. Slegs die plekname /aus en Ghous (oorspronklik /aus) het 'n verband met die volksgeloof waar dit skakel met die mitologie, en waar die gestalte van 'n watergees, die waterslang, deurskemer.

<u>Algemeen</u>. Daar is verskeie plekname wat die aard van die plantegroei openbaar o.a. Kub (//khub), doringboom; Koppies (!awes), vaalbos; Keidebees (< dawe/daweb), abikwaboom; Nooibos (/noes), swarthakbos. Die aard van die topografiese voorwerpe weer kom duidelik uit 'n plekname soos Gamceip (leeu-gestalte wat loer), Ghaap (Ghaapplato), Kabas (Nama. ǂabbas, plat), e.s.m. terwyl bodemgesteldheid vasgelê is in plaasname soos Swartmodder ( oorspr. ≠nu-/goaes) en Stofbakkies ( oorspr. tsaraxaibes).

<u>DIE BANTOE</u>.

Die Bantoe, hier die Tswanasprekendes van Noord-Kaapland, was 'n talryke volk. Hulle volksaard spruit voort uit hulle kultuur wat om die beesdier sentreer. Hierdie herderskultuur was so sterk ontwikkel dat dit nie alleen hulle beskawingsvorm daargestel het, wat die Tswana bo die ander inboorlinggroepe verhef het nie, maar ook die kern gevorm het van hulle leefwyse. So byvoorbeeld was al die ander bedrywe ondergeskik aan die herderskultuur en selfs die huislike lewe het daarmee geskakel.

Die topografie, plantegroei, weiding en waterbronne - alles was fundamenteel noodsaaklik vir die welvaart van die beesdier en die uitbouing van die herderskultuur wat op sy beurt die welvaart van die gemeenskap verseker het. Die taal is derhalwe 'n herderstaal. Dit is besonder ryk aan algemene en tegniese terme wat betrekking het op veediere in die algemeen en beeste in die besonder 1) terwyl 'n groot leemte bestaan het en nog bestaan om 'n tegniese woordeskat wat betrekking op ander bedrywe het.

Die herderskultuur het verreikende gevolge gehad, enersyds om die besitreg by die Tswana beide individueel en gemeenskaplik te versterk en andersyds die vrugbaarheidsidee te verskerp 2) sodat dit selfs in die naamgewing weerspieël word.

Word die naamgewing van die Tswana in Noord-Kaapland nader ondersoek dan tref dit dat die aard en ontstaan in die eerste plek om die herderskultuur sentreer. Daarna volg die volksbedrywe, volksaard en volksgeloof. By ontleding kom die volgende vorendag (slegs enkele name):

<u>Volksbedrywe</u>:

<u>Herderskultuur</u>: Palgoem (ry-os), Gatalwakgomo (beesskedel). 3)

---

1. Sandilands: Introduction to Tswana, p. 342.
2. Van Vreeden: Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, VIII, pp. 113-115.
3. Die spelvorm van plekname wat ingeburger is, word behou.

<u>Ander diere</u>: Pokwani (Phokwane = bokrammetjie), Sebetesapitse (sebra lewer).

<u>Veesiektes</u>: Kikahela (waar die kikas gebruik is: beeste wat geslag word of gevrek het se vleis word in 'n stampblok gestamp voor dit gebruik word. Volgens dié naam het die beeste hier so gevrek dat daar later nie . er vleis vir die stampblokke was nie.)

<u>Roofdiere</u>: Phiring (plek van wolwe), Phitshane (dimunitief van phiri.)

<u>Jagbedryf</u>: Madiakgama (hartbeesbloed), Gatalwatšhukudu (renosterskedel).

<u>Dierelewe</u>: Serurubele (skoenlapper), Bolela-kgapu (roerdomp-geluide).

<u>Volksaard</u>:

<u>Besitreg</u>: Maje-a-Mokgothu (Berge van die Koranna - Korannaberge).

<u>Verering en persoonsname</u>: Ga-Modisa (by Modisa), Ga-Tlhose (by Tlhose).

<u>Historiese gebeure</u>: Mmamogašagase (in alle rigtings verjaag), Marapoabatho ( mensgeraamtes).

<u>Volksgeloof</u>: Ganap(e) = Ga-Nape (by Nape: Nape was 'n half-god wat wysheid verkondig.)

<u>Algemeen</u>:

<u>Topografie</u>: Cosike (oorspr. Losika: die plek wat geryg is - 'n heuwelreeks).

<u>Plantegroei</u>: Masilabetsane (kareeboom), Mokala (kameelboom).

<u>Bodemgesteldheid</u>: Lobutsane (klein brak), Matlapaneng (by die plat klippe).

<u>Waterbronne</u>: Ganesa (Ga-nyesa), Madibeng (by die putte).

<u>DIE GRIEKWA</u>.

Die Griekwa was Basters wat genealogies nader aan die Hottentotras gestaan het as aan die blankes. 1) Hulle was dan ook 'n bevolkingsgroep waaronder 'n aansienlike aantal hoofsaaklik Kleurling-Afrikaans (of Hollands van die laat agttiende eeu en vroeg negentiende eeu met dialektiese verskille) gepraat het terwyl die ander weer hoofsaaklik . Khoisansprekend was. As gevolg van hierdie heterogene samestelling was hulle Khoisanspreekwyse 'n dialek wat verskille met Nama en Kora getoon het.2)

Die Griekwa vorm dus 'n skakel tussen die oorspronklike inboorlingrasse van Noord-Kaapland aan die eenkant en die blankes en Basters (Gordonia) aan die anderkant.

Na 1800 het die Griekwa Griekwaland-Wes stelselmatig bewoon en hulle stempel op die naamgewing afgedruk. Hulle was by uitstek beesboere en jagters. Hulle leefwyse het heelwat ooreenkoms met die Khoisangroe, getoon maar aan die anderkant was hulle die eerste draers, hoe eenvoudig en gebrekkig ookal, van die Westerse beskawing in Noord-Kaapland.

Word die aard en ontstaan van die Griekwanaamgewing nader ondersoek, blyk dit heel gou dat daar 'n parallel reeks bestaan nl. Afrikaanse plekname wat nie maklik van die ander Afrikaanse name onderskei kan word nie

---

1. Van Vreeden: Wedersydse Beïnvloeding van Kulture, p. 24.
2. Sien Hoofstuk III, Tabel II.

en Khoisanplekname waarin dialektiese verskille met Kora vorendag kom asook sulke Korannaplekname wat deur hulle behou is. By die Griekwa het ons dan die interessante ontwikkeling waar Afrikaanse en Khoisanplekname naasmekaar voorkom. In 1801 teken Borcherds die volgende aan: A'akaap of Rietfontein; T'Joekatgoeni/Joekatgoene of Dwaalfontein; Katzezigalo/Kabeetze Galie of Buffelsfontein. 1)

In 1805 skryf Lichtenstein weer:
A'akaap of Lasuwwatersfontein of Bastardskloof. 2)

Die Griekwa het ook sommige Bantoename behou maar dit omvorm en daarnaas hulle eie naam of vertaling bygevoeg. Borcherds teken die volgende aan:
Makatzanie of Eendenfontein; Nagago/Naggaga of Yzerbergfontein. 3)

Ander voorbeelde in die verband is:
≠nu-!garib (Nu-gariep) of Swartrivier; ky-!garib (Ky-gariep) of Vaalrivier (Geelrivier); !ab (Griekwa: Kwaap <´!aap) naas Knoffelfontein (Campbell); !ari-//ama of Klaarwater naas Griekwastad.

Korannaname wat hulle omvorm het is o.a. Guahanop > Koukonop en gui-!ab (gai = gei= groot) > Eynap (plaas) terwyl sommige van hulle eie toekennings soms onverklaarbaar en vreemd voordoen, byvoorbeeld: Kwakwas, Housjop, Gouberknaus, Koutsegap, e.s.m. Plekname van suiwer Afrikaanse (Hollands) oorsprong is Vogelfontein, Rooivogelfontein, Groot Doorn, Eenputs, Groenwater en talle ander.

Die aard en ontstaan van hulle Afrikaanse plekname toon 'n ooreenkoms met die van die blankes. Dit kan kortliks as volg saamgevat word.

<u>Volksbedrywe</u>:
<u>Veeboerdery</u>: Bees(t)fontein, Paardeberg, Beeshoek, Breipaal.
<u>Water en weiding</u>: Vaalwater, Rietfontein, Melkvlei (volop melk).
<u>Akkerbou</u>: Saaiplaas.
<u>Jagbedryf</u>: Elandsfontein, Buffelsfontein.
<u>Handel</u> (smous): Grootdrink (drankhandel).
<u>Besitreg</u>:

Die Griekwa was die eerste inboorlinggroep by wie die besitreg sterk ontwikkel was. Dit word in die naamgewing weerspieël waar persoonsname in saamgestelde plekname voorkom. Na 1820 het die Griekwa in vier afsonderlike groepe verdeel: die Waterboer-groep (Griekwastad), die Bêrendse-groep (Boetsap), die Kok-groep (Campbell) en die groep van Adam Kok by Philippolis. Eersgenoemde drie groepe het dan ook 'n aansienlike bydrae tot hierdie afdeling gelewer. Om enigsins 'n beeld te kry van die aard van geslagsname (vanne) by die Griekwa enersyds en andersyds die aard van sulke saamgestelde plekname te bepaal word die gewens hieronder kortliks saamgevat:

| <u>Familie- of Geslagsnaam</u>. | <u>Plaasnaam</u>. |
|---|---|
| 1. <u>Afdeling Griekwastad (kaptein Waterboer)</u>: | |
| Abrahams; Cupido; Frederick. | Fredericksfontein (?). |

1. Borcherds: Autobiographical Memoirs, pp. 60, 71, 73.
2. V.R.V. II (Lichtenstein: Travels), p. 301.
3. Borcherds: Autobiographical Memoirs, pp. 60, 73.

| Familie- of Geslagsnaam. | Plaasnaam. |
|---|---|
| 1. vervolg: | |
| Griekwa; Haai; Janze; | |
| Kasper; Kruger. | Kasperskraal; Krugersdam, |
| Klaas; Lys; Li[illegible]ks; | |
| Magers; Moos; [illegible]raham Moos. | Moosfontein; Abrahammoosfontein. |
| Nero; Prins; [illegible]us Slinger; | Smousdam. |
| Stuurman; Piena[illegible] Rooy. | Stuurmanskuil. |
| Vister; Vaneel; Waterboer. | Vaneelsdam; Waterboersdam. |
| Abraham Vivius. | Abrahamsdam. |
| 2. Afdeling Campbell (kaptein Cornelius Kok): | |
| August; Balie; Goeyman. | Goeymansdrif (Goeiemansdrif). |
| Kok; Salmon (de oude). | Kokskop; Salmonsfontein. |
| Kars; Magers; 1) Manel. | Karsfontein; Magersdrif; Magerskuilen; Magersfontein; Manelputs. |
| 3. Afdeling Boetsap (kaptein Bêrend Bêrendse): | |
| Aries; Bêrendse; Bergover. | Ariesfontein; Bêrendskr[illegible]l. |
| Baadjies; Dapper. | Dappersfontein. |
| Donderbosch; Davids. | Donderboschfontein. |
| Hendriks; J[illegible]gers; Jood. | Hendriksfontein. |
| Koopman; Paul; Pienaar. | Koopmansfontein; Pienaarsfontein. |
| Van Wyk. 2) | Vanwyksfontein. |

Historiese gebeure: Davidsgraf; Ongeluksfontein; Kogelbeen.
Volksgeloof: Dwaalfontein.
Bybels: Danielskuil.
Plant[illegible]groei: Engeldewilgeboomfontein; Taaiboschfontein.
Bodemgesteldheid: Soutpan; De Kalk.

DIE BASTERS.

Die aard en ontstaan van die naamgewing by die Basters - hulle wat langs die Oranjerivier en by Rietfontein 3) woon - sluit enersyds aan by dié van die Griekwa en andersyds by dié van die Afrikaans-sprekende blankes. Alhoewel sommige van hulle Khoisan magtig was, het hulle geen Khoisanplekname gegee nie maar hulle het die oorspronklike Khoisanplekname deurgaans behou, byvoorbeeld: Aries, Arenchap, Narugas, Koegoekoep, Kakamas, e.s.m. terwyl Ghous, Kakochap, Dabas, Awas, en verskeie ander omvorming ondergaan het as gevolg van hulle spreekwyse.

Die Basters staan volgens hulle afkoms en leefwyse dan ook nader aan die blankes as aan die Griekwa. Hulle het tot 'n selfstandige volk ontwikkel met 'n eie volksaard. Hulle was veeboer-pioniers in Boesmanland en Gordonia en gevolglik was water en weiding sleutel-eenhede

1. G.L.W.L.C., 53, 55 - vgl. Skedule 39.
2. Dieselfde Van Wyk wat later by Boshof gewoon het. Sien Glossarium.
3. Rietfontein en Aroab het vroeër een Bastergemeenskap gevorm.

in die volksbedrywe terwyl die jag 'n belangrike rol gespeel het. In hulle omswerwinge het die Basters 'n wye landsgebied besoek en ook vir korter of langer duur bewoon, nl. die westelike gedeelte van die Prieska-distrik, Boesmanland, die Oranjeriviervallei en Wes-Gordonia sover noord as Eindpaal 1) terwyl die huidige Gemsbok-Wildtuin en die benede-loop van die Kuruman- en Moloporiviere hulle jaggebied was. Later het sommige families ook standplase langs die Nosobrivier gehad.

Plekname van Basteroorsprong lê dan oor 'n wye landsgebied versprei, en daar hulle omgewing in Kleurling-Afrikaans is, is dit nie maklik om die oorsprong daarvan te bepaal nie. Slegs waar historiese gebeure dit bepaal of waar die samestelling van die naam dit verraai, kan dit nader bepaal word, byvoorbeeld: Bokvasmaak d.w.s. waar Bock (Bok) vir 'n geruime tyd posgestaan het, 2) Kalksluit = Kalksloot of waar Camm, Gamm (Gammspannen) uitgespreek word.

Aangesien die Basters veeboere was en water en weiding van die grootste belang was, vind ons dat baie van hulle plekname op die waterbronne betrekking het soos die volgende: Boksputs, Bokseputs, Mooirivier, Graafwater, Gammspannen, Vrouwenspan en Kakolk. Wat opvallend is van hierdie samestellings is die benamings graafwater, kolk, rivier en puts. Dit val saam met die aard van Namaplekname waar die waterbron duidelik weerspieël word. 3)

By die Basters was die besitreg ook sterk ontwikkel. Tydens hulle omswerwinge het hulle weiding en water gemeenskaplik gebruik maar nadat hulle gevestig is, het hulle in groepe op geskikte plekke saamgetrek en nog later het hulle plase bewoon. Die gevolg was dat sommige van hierdie woonplase of woonplekke met persoonsname vereer is. Tabuleer ons nou die vernaamste geslagsname onder die Basters en die plaasname, het ons meteens 'n beeld van die aard en ontstaan van hierdie plekname:

| Familie- of Geslagsnaam. | Plaasnaam. |
|---|---|
| Abraham; Bezuidenhout; Bock (Bok). | Boksputs; Bokseput(s); Bokvasmaak. |
| Camm (Gamm); Jager; Janse. | Gammspanne(n). |
| Januarie; Mathys; Maasdorp. | Januarieskop. |
| Okhuizen; Titus; Vilander. | Vilanderspan; Vilander. |

As veeboere en jagters sou die Basters ook belanggestel het in die topografie, bodemgesteldheid, plantegroei en die dierelewe, wat ook wel die geval was. Die aard en ontstaan van die volgende name kom dan ook duidelik vorendag:

Topografie: Sewepanne, Rooikop, Waterval, Grondneus, Lelikhoogte.
Bodemgesteldheid: Soutpan, Soutputs, Swartmodder (vertaling).
Plantegroei: Noenieput, Kastraat.
Dierelewe: Gemsbokpan, Springbokvlei.
Historiese gebeure: Wagenbrand, Vrouenspan.

---

1. Noord van Rietfontein.
2. Vasmaak: Idiomatiese gebruik in Kleurling-Afrikaans vir posstaan, d.w.s. om tydelik op 'n plek te woon.
3. Vergelyk: Afdeling Nama en Koranna hierbo.

DIE BLANKES.

Die aard en ontstaan van plek- en plaasname by die blanke bevolkingsgroep verg geen besondere omskrywing nie. Die naamgewing is in die meeste gevalle duidelik en selfverklarend. Die volgende is egter van belang:

Die blanke bevolkingsgroep bestaan uit die volgende ras- en/of taalgroepe:

1. Afrikaanssprekende Afrikaners (Afrikaanse volk).
2. Engelssprekende Afrikaners (afkomstig uit Engeland, Ierland, Skotland, Iedestate van die Gemenebes, enkelinge uit die V.S.A., asook Jode, Grieke, Lebanese en Portugese wat hulle aangetrokke voel tot die Engelse spreekwyse).
3. Duitssprekendes (hoofsaaklik Suidwes-Afrika).

Ondersoek ons die naamgewing by hierdie groepe, word dit duidelik dat die aard en ontstaan daarvan by die Afrikaans- en Engelssprekendes 'n merkbare verskil aantoon terwyl dié van die Duitssprekendes nader aan dié van die Afrikaanssprekendes staan.

Dit lê die volkskarakter ten grondslag dat die naamgewing uiteenlopend van aard is, want waar die Afrikaanssprekende volksgroep se wortels diep in die Afrikaanse bodem vasgeanker lê, daar is dié van die Engelssprekende nog gedeeltelik in die stamland vasgeanker. As gevolg hiervan weerspieël die Afrikaanse pleknaam deurgaans die Afrikaner se leefwyse terwyl die uitheemse pleknaam besonder swak verteenwoordig is. Daarenteen bestaan plekname van Engelse oorsprong uit 'n meerderheidsgroep uitheemse plekname terwyl dié wat met die Afrikaanse bodem skakel 'n minderheidsgroep vorm afgesien daarvan dat laasgenoemde groep nog letterlike vertalings insluit.

Naamgewing by die Afrikaner.

Die eerste blankes wat Noord-Kaapland binnegetrek het, was Afrikaners. Hulle was veeboere en jagters - lede van 'n homogene volk - eg Suid-Afrikaans met 'n eie aard en karakter. Bryce vat dit kortliks saam waar hy skryf: „From the time the settlers began to spread out from the coast to the dry lands of the interior, a great change came upon them, and the distinctive South African type of character and habits began to appear." 1) So skryf Nepgen: „Die Afrikaner is vir 'n groot deel van sy samestel die produk van 'n kompleks van invloede wat op hom ingewerk het in sy afsondering in die binnelande van Suid-Afrika." 2) Met ander woorde: die blanke jagters en ruilhandelaars wat die Oranjerivier in die laaste kwart van die agttiende eeu by Prieska oorgesteek het en die veeboere wat die Transgariep teen 1828-30 binnegetrek het en daarna Noord-Kaapland stelselmatig bewoon

1. Bryce: Impressions of South Africa, p. 105.
2. Nepgen: Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes, p. 52.

het, was in murg en been Afrikaners met 'n eie leefwyse. Bande met die lande van herkoms het sowat heeltemal verdwyn terwyl die taal - erfgoed uit die stamland, verryk deur eiegoed en leengoed - ontluik het in 'n spreekwyse tipies Suid-Afrikaans: die taal van die Afrikaner.

Ontleed ons nou die naamgewing in Noord-Kaapland dan is dit merkwaardig hoe die Afrikaanse spreekwyse hom leen tot die skepping van gaslike plek- en plaasname waarvan die aard duidelik uitkom, byvoorbeeld: Klippiespan, Kaiingbult, Stompoor (nie die oormerk nie), Steenbokhoring (topografie), Melkstort, Dwaalvlei, Wildebeesdraai en talle ander. Sulke name kan dan ook nie vertaal word nie en waar dit wel geskied, vervaag die ware betekenis en die aard daarvan is in die meeste gevalle onduidelik. Die geld eweneens van talle ander plek- en plaasname wat hulle ontstaan by die volksbedrywe, volksaard, bodemgesteldheid, e.s.m. het (Tabel 1).

Plek- en Plaasname.

Hier moet ook gewys word op die verskil tussen die plek- en plaasnaam. Hierdie verskil is reeds in 1921 deur Boshoff 1) beklemtoon en tereg ook, want waar die pleknaam hoofsaaklik beperk is tot die name van stede, dorpe en name van aardrykskundige verband insluitende die uitheemse naam - want waar die uitheemse naam aan plase gegee is, staan dit vreemd teenoor die Afrikaner se volksaard - daar is die plaasnaam 'n produk van die spraakmakende gemeenskap waarin die aard en ontstaan in eie taal kernagtig saamgevat is en duidelik uitkristalliseer. Boshaff vat dit mooi saam waar hy skryf: „Daarenteë word die „plaasname" vir 'n groot deel deur die boere self gegee, deur die spraakmakende gemeente dus, en daarby speel die bodemgesteldheid, sowel as die volksvernuf, volkshumor en analogie 'n groot rol. Historiese motiewe gee gewoonlik die deurslag by die „plekname", „bodenständige" faktore bepaal in die reël die „plaasname ... hulle is produkte van die taal-aktiwiteit van die volk van Suid-Afrika. Histories is hulle ook wel in 'n sin, maar dit is nie die geskiedenis van indiwidue, maar die volksgeskiedenis, wat daarin gekristalliseer is." 2)

Namate die veeboer-pioniers verder die binneland in beweeg het, het die jagters - die veeboer-pioniers was ook jagters - die onbekende landsdele besoek en ondersoek. Die gevolg was dat hulle goed bekend was met die weidings- en waterplekke in die jagvelde en dit het 'n nie-georganiseerde maar wel stelselmatige beweging vanaf die voorposte na die wyerliggende jagvelde stimuleer. So het die jagters name aan plekke gegee wat later plaasname geword het. Wat opvallend is van hierdie trek na die binnelande is dat die inboorlingpleknaam deur hulle as 'n onderskeidingspunt erken en behou is, 3) terwyl ander kenmerkende plekke deur hulle vernoem is. Hierdie verloop van sake kan baie duidelik in Boesmanland gevolg word. Plekke soos Oubip, Gamceip, Narugas, Koegab,

1. Boshoff: Volk en Taal, p. 322.
2. Ibidem, pp. 322 - 323.
3. Van Vreeden: Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, XIV, pp. 26-27.

Goubeep, Naribees is behou terwyl toepaslike name soos Kwaggamaag, Graskoppies, Melkbosvlei, Kromkolk, Jag(t)kolk, e.s.m. deur hulle toegeken is.

Nadat die veeboere - in Boesmanland, die trekboere - die gebied binnegetrek en sleutelpunte bewoon het, is meer name aan plekke gegee en maak die persoonsnaam in samestellings ook hulle verskyning soos Janlouwsvlei en Willemsopdam. Die laaste fase tree dan ook in waar plase uitgemeet word en stelselmatig deur die boere gepag en bewoon word. Elke plaas ontvang dan 'n naam waarin daar naas die beskrywende (Boomrivier, Geelvloer) ook die volksvernuf (Vraaweer, Halfkroon) en analogie (Stofbakkies) in werking tree 1) en in die naamgewing openbaar word, terwyl die besitreg hoofsaaklik in samestellings met persoonsname vasgelê word.

Naamgewing by die Engelssprekende Afrikaner.

Die Sendelinge.

Die eerste Engelssprekendes wat Noord-Kaapland besoek het, was sendelinge. Hulle is opgevolg deur reisigers en later deur jagters en handelaars. Die bydrae tot die naamgewing deur die sendelinge is besonder skraal, uitgesonder eerw. John Campbell wat die landsgebied in 1813 besoek het en plekke links en regs vernoem 1) Die aard van sy naamgewing is duidelik en dra die stempel van die uitheemse naam, byvoorbeeld: Alers Plain, Alexander River, Bogue Plain, Cradock River, Duncan Desert, Ewing Fountain, Ewing Plain, Hardcastle, Haldanean Mountains, Kingsland Plain, Hamm s Hills, Read Ford, Reyner Mountains, Rowland Hill Dorp, Steven Fountain, Steinkopff River, Sturt Hills, Shrubsole Fountain, Townsend Fountain, Teignmouth Mountains, Waugh Fountain, Wilberforce Pass, World-End-Corner en miskien meer bekend Van der Kemp Plain, Fisher Fountain (Spuigslang), Fraser Place, e.s.m.

Campbell was ook verantwoordelik vir die verandering van die naam Klaarwater na Griekwastad terwyl Campbell (dorpie) oorspronklik bekend as Knoffelvallei, na hom vernoem is. 2)

Die vernoeming van plekke deur Campbell staan baie duidelik in die tekens van die tyd (1813): die Filantropiese Beweging en die bedrywighede van die Londen Sendinggenootskap. Campbell wou die name van die direkteure en amptenare van die genootskap op Afrikaanse bodem verewig naas 'n paar ander name van persone wat hom behulpsaam was en/of steun verleen het, o.a. Fisher, Duncan, Alexander en Cradock.

Hierdie plekname van Campbell het egter nooit posgevat nie en uitgesonder skrywers soos Backhouse en Stow wat van 'n paar melding maak, het hulle vandag net geskiedkundige waarde. Slegs Hard[illegible]e en Vansittartberge het die tyd oorleef. Verdere bydraes deur [illegible] sendelinge is besonder skraal, byvoorbeeld: Hackney, 3) Pniel, Hebron, Pella.

---

1. Boshoff: Volk en Taal, p. 323.
2. Campbell: Travels in South Africa (1815), p. 234, 253.
3. Thompson: Travels, I, p. 168.

Reisigers en Ontdekkers.

Hulle bydraes tot die naamgewing in Noord-Kaapland is eweneens skraal. By Burchell (1811-12) kry ons Knegt's Fountain (Knegtsfontein) Pintado Fountain en 'n reeks samestellings met „Station" soos Hot Station, Tarchonanthus Station, e.s.m.

By Thompson (Travels, 1827) kry ons die volgende: Thompson's Poort, Ravenhill, Hopeless Fountain, Junction Station, Duke of York Mountains, King George the Fourth Cataract, Carlyle Mountains/Hills, Pillans River en Morpeth Ridge (Mts). By ander reisigers, ontdekkers en jagters o.a. Bain, Metheun, Chapman, Harris, Backhouse, Gordon Cumming en andere is daar geen noemenswaardige bydraes nie. Hulle grootste bydraes bestaan egter daarin dat hulle talle Tswanaplekname aangeteken het waarvolgens die verspreiding van die inboorlinge voor 1850 nader bepaal kan word.

Engelssprekende handelaars voor 1867

Voor 1867 het verskeie Engelse handelaars Noord-Kaapland besoek om ruilhandel met die inboorlinge te dryf. Sommige van hulle het hulle mettertyd in dié landsdeel gevestig, o.a.:

George Nicholson: Campbell 1849. Hy verkry die plaas Dons (nie E. Downs nie) van Cornelius Kok. 1)

William Davis: Inyap 1855. Woon daarna op Bergplaats en koop later die plaas Koopmansfontein. 2)

James Corner: Platdrif 1835. 3)

Henry Pratt: Mitchemanskraal 1864. 4)

David Henry Bebell (Amerikaner) besoek Noord-Kaapland 1864. 5)

Charles Holloway: Khosopskraal 1859. 6)

Henry William Gardiner: Williamstown (Barkly-Wes) 1863. 7)

Joseph Haywood: Nooitgedacht 1855. 8)

Ook welbekend is die name van John O'Reilly en Stafford Parker nie alleen as handelaars nie maar ook as persoonlikhede verbonde aan die ontdekking en vroeë ontginning van diamante. Die handelaars het dan ook geen noemenswaardige bydrae tot die naamgewing voor 1867 gelewer nie.

Die Albanie-projek 1867.

In 1867 loods David Arnot, Griekwa-verteenwoordiger, die Albanie-projek. Afgesien van die politieke dryfveer agter die Albanie-projek het hierdie onderneming die eerste Engelse setlaars na Noord-Kaapland gelok. Arnot se doel was om vaders en seuns van die Britse Setlaars uit die Albany-distrik in die Albanie te vestig. Hy het redelike sukses gehad en verskeie het dan ook na die Albanie gekom, o.a. Dugmore, Cock, Weyland en Sinden. Die Albanie is dan ook deur Francis Orpen en sy helpers in 88 plase uitgemeet. Aan hierdie plase is Engelse, Skotse en Ierse name gegee terwyl die oorspronklike name eenvoudig oor die hoof gesien is, byvoorbeeld: Stuurmanskuil - Fermanagh;

1. G.L.W.L.C., p. 61.
2. G.L.W.L.C., pp. 78, 80.
3. Ibidem, p. 95.
4. Ibidem, p. 8.
5. Ibidem, p. 7.
6. Ibidem, p. 47.
7. Ibidem, pp. 5-6.
8. Ibidem, p. 50.

Loskopsfontein - Eskdale; Kameeldam - Hereford; Kameelfontein naas Kameelboomfontein - Etterick; Witfontein - Tullochgorum; Kwobyn naas Skaapkraal - Torquay; Slypsteen - Summerhill; Slypsteenkoppies - Wimbledon; e.s.m.

Treffend van hierdie uitheemse naamgewing in die Albanie is die feit dat die oorspronklike plaasname hardnekkig voortleef en in sommige gevalle word die uitheemse naam eenvoudig oor die hoof gesien en die oorspronklike naam kry voorkeur, byvoorbeeld: Witfontein (Tullochgorum), Leeuberg (Downs), Rooipan (Dover) en verskeie ander. Daarbenewens word die oorspronklike plaasnaam in baie gevalle herstel waar plase onderverdeel word soos in die volgende gevalle: Kameelfontein, gedeelte van Etterick; Elsiesdam en Klipfontein, gedeeltes van Eskdale; Kruitfontein, gedeelte van Harrogate en Blcksdam, gedeelte van Lilienstein.

Ontdekking van Diamante.

In 1869 neem die eerste stormloop na die diamantdelwerye in Griekwaland-Wes 'n aanvang en bereik 'n hoogtepunt in 1871. Die vreemde volkselemente wat teen 1871 en daarna Griekwaland-Wes binnegestroom het, het Kimberley en die Vaalrivier-delwerye die mees kosmopolitiese gemeenskap in Suid-Afrika gemaak. Mettertyd het van dié vreemdelinge, namate hulle belange op die platteland verkry het, oor Noord-Kaapland versprei waar hulle ook 'n bydrae tot die naamgewing gelewer het. Daar hulle hoofsaaklik vreemdelinge was wat geen verbondenheid aan die Afrikaanse bodem gehad het nie, behalwe in die eerste plek sakebelange, was hulle bydrae uitheems van aard terwyl die naamgewing op die delwerye 'n spesiale patroon aangeneem het. 1)

Stellaland en Gosen.

Nadat die twee republiekies geannekseer is en Brits-Batswanaland tot stand gekom het, is die westelike gebiede van die Vryburg-, Mafeking- en Hay-distrikte stelselmatig in plase uitgemeet. Die eerste landmeters wat plase hier uitgemeet het, o.a. Theal, Dale, Windley, Wessels, Orpen (Griekwaland-Wes), en daarna Ashton en Lanham, het hoofsaaklik plase na plekke in Brittanje vernoem terwyl landmeter Roos 'n voorliefde vir Amerikaanse plekname gehad het, veral as die toekenning van name deur hom in die noordwestelike hoek van die Vryburg-distrik in oënskou geneem word. In die Kuruman-distrik het ons 'n soortgelyke patroon waar die meerderheid van die oorspronklike plaasname uitheems is.

Gordonia.

'n Soortgelyke ontwikkeling het in die distrik van Gordonia plaasgevind. Hier het die landmeter Jackson 'n reuse landsgebied uitgemeet. In die omgewing van Askham het sy eggenote 'n aantal plase vernoem na plekke in Skotland, 2) terwyl hy verskeie plase in die huidige Gemsbok-Wildtuin uitheemse name gegee het. Maar Jackson het 'n aansienlike

1. Sien Delwersplekname hieronder.
2. Meegedeel: Upington 1958.

aantal Khoisanplekname behou terwyl hy ook 'n paar Afrikaanse name gegee het soos Vergenoeg, Jacksonsdraai, Union's End, e.s.m.

Kuruman: Olifantshoekwyk.

Ook in die Kuruman-distrik, afdeling Olifantshoek, het ons 'n soortgelyke geval waar landmeter Lanham Tswanaplekname behou het, maar verskeie plase na vriende van hom vernoem het. Daarbenewens het hy 'n groot aantal plase na die offisiere en manskappe wat aan die Langberg-oorlog (1897) deelgeneem het, vernoem, Byvoorbeeld: Lukin, Johnson, Dalgety, Ward, Venn, King, Cox, e.s.m.

Eers na 1900 merk ons dat „bodenständige" faktore al hoe meer die naamgewing by Engelssprekendes bepaal en kry ons sulke name soos Good Hope, Clearwater, Springvalley, Thorn Grove, Prospect, Thornhill en Limerock.

By die nuwelinge in Noord-Kaapland sien ons 'n soortgelyke ontwikkeling as by die pioniers van die sewentiende eeu: hulle kleef angsvallig aan die geestelike ankers van die stamland maar gaandeweg anker ook hulle in die bodem van die nuwe tuisland.

Naamgewing by die Duitssprekendes.

Oor die naamgewing by die Duitssprekendes val nie veel te sê nie. In die gebied wat aan die Unie grens, sluit die naamgewing aan by die van die Afrikaanssprekendes, want in hierdie landsgebied was die Afrikaanssprekende veeboere ook die pioniers (1890) 1) en hulle bydrae is aansienlik.

Wat opvallend is in die oostelike dele van die distrikte Warmbad, Keetmanshoop en Gibeon, hier onder bespreking, is dat die Khoisanplekname in groot getalle behou is terwyl sommige Afrikaanse plekname verduits is. Die volgende kan as voorbeeld dien: Tranedal - Tränental; Springputs - Springpütz; Dikbos - Dickbusch; Bospanne - Buschpfanne.

Hibride het ook ontstaan soos Schanzkolk, Gross Aub, Lochkolk (Loogkolk) en Gansvley Süd, naas plekname van Duitse oorsprong waar die aard duidelik weerspieël word soos Hohedün, Salztal, Weissenstein en Quellort. Ook die persoonsnaam kom voor soos Keetmanshoop, Holzhausen, e.a. naas enkele uitheemse name soos Rheinland. Wat hier as vreemd voordoen is 'n paar uitheemse plaasname soos Hiawatha, Minehaha, Arizona, Kentucky en Lovedale, almal in die Aroab-Nakop omgewing. Dit is duidelik dat hierdie name eers na die beëindiging van die Duitse bewind in S.W.A. ontstaan het.

Delwersplekname. 2)

Die ontstaan van delwersplekname val saam met die omstandighede waaronder diamante ontdek is en die delwerye na 1869 uitgebrei het.

Voor diamante langs die Vaalrivier ontdek is, was daar reeds verskeie plase langs die rivier wat bewoon was terwyl ander bekend was en op een of ander tydstip bewoners gehad het, o.a. Hebron, Modderhoek,

1. Visser: Herinneringe van Suidwes-Voortrekkers, pp. 25-27.
2. Van Vreeden: Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, II, pp. 133-135; Vgl. Schapera: Kultuurbeeld van die Spoeldiamant-Delwersgemeenskappe van Suid-Afrika, pp. 107-128.

Blandsdrif, Vansoelenslaagte, Khosopskraal, Pniel, Gong-Gong en Ou-Klipdrif.

Oral langs die rivier op hierdie en ander plase kom die diamanthoudende spoelgruis voor. Die diamante in die gruislae het nie eweredig voorgekom nie maar die diamantinhoud het van plek tot plek in hoeveelheid gewissel.

Toe dit bekend word dat diamante in die gruislae aanwesig is, het die eerste fortuinsoekers ook hulle opwagting gemaak. Baie van die fortuinsoekers het van Natal, Colesberg, Queenstown en die kusgebiede gekom terwyl jagters, handelaars en smouse van die binnelandse gebiede ook daarheen gestroom het. Stafford Parker word beskou as die eerste delwer wat op Hebron gedelf het terwyl Roderick Baker op Klipdrif en J.B. Robinson (later sir) op die huidige Wedberg pen geslaan het. 1) Stafford Parker het egter gou na Klipdrif verskuif waar hy 'n leidende aandeel in die bestuursake van die delwers verkry het sodat Klipdrif vir ruim 'n jaar bekend was as Parkerton voor dit na sir Henry Barkly vernoem is. Teen Januarie 1870 was daar reeds meer as 5,000 delwers langs die Vaalrivier met die grootste sametrekkings by Klipdrif en Pniel en die getalle het toe nog steeds aangegroei.

Koppie: Die delwers het heel gou ontdek dat die vlak gruisafsettings op die heuwels ook diamantdraend was met die gevolg dat die „kopjes" baie aandag geniet het. Waar diamante op 'n heuwel gevind is, is dit dadelik vernoem met koppie/kopje as 'n tweede lid van die samestelling soos Webster's Kopje, Liversage's Kopje, Colesberg Kopje (Barkly-Wes), Rich Kopje en Natal Kopje. Nou onderskei ons twee fases of tydperke in die delwersnaamgewing: die tydperk voor die plase as delwerye geproklameer is en die tydperk daarna. So byvoorbeeld was Colesberg Kopje 'n spesifieke delwery voor Klipdrif as 'n delwery in 1871 geproklameer is maar daarna het dit 'n wyknaam geword aangesien dit binne die Klipdrifdelwerye geleë was. Dit geld eweneens vir talle ander samestellings met koppie/kopje.

Rus (E. Rush): Waar diamante ontdek is, het gewoonlik 'n stormloop plaasgevind. Dit is as 'n „rus" bestempel - 'n benaming wat die Afrikaanssprekende delwers in hulle woordeskat opgeneem het, alhoewel dit nooit in plekname staatkundig erkenning ontvang het nie. Plekname met „Rush" as tweede lid het eienaardig genoeg heel gou van die toneel verdwyn - 'n neiging wat tans nog op die delwerye bestaan. So vind daar 'n stormloop plaas en die plek word genoem, Moonlight Rush. Mettertyd raak die tweede lid in onbruik en die plek staan dan bekend as Moonlight. Voorbeelde is: Moonlight, Longlands, Victoria en Kantienkoppie. Van al die stormlope wat tydens die eerste paar jaar op die delwerye plaasgevind het, het slegs Austin's Rush, Winter's Rush, Jacob's Rush en Niekerk's Rush (naas Niekerks) as die bekendste die tyd oorleef.

---

1. Delwerstaal: om te begin delf; om 'n kleim af te baken.

Schepers het bepaal dat die delwers welbekend is met die benamings rus (Nl. rust) en rus waar laasgenoemde uit E. rush ontstaan het. Vervolgens het hy bepaal dat slegs Commissiesrus(t) ŉ delwery is waar die naam reeds bestaan het voordat die plaas as ŉ delwery geproklameer is. Al die ander plekname op die delwerye met rus as ŉ lid van die samestelling verwys na stormlope en/of delfplekke. 1)

Die benaming rus (E. rush) dien vandag slegs om ŉ delfplek te lokaliseer en dit is van tydelike aard. Vind daar ŉ stormloop plaas of ŉ groep delwers trek op ŉ punt saam, word dit ŉ rus (rush) genoem en ŉ naam ontstaan, byvoorbeeld: Rooirus, Witrus, Eilandrus, Henegansrus, e.s.m. Die aard van hierdie name is duidelik: dit is geleentheidsname om ŉ delfplek te lokaliseer en baie duidelik ŉ weerspieëling van die avonturiers- en dobbelgees.

Hoop (E. Hope): ŉ Paar plekname met hoop (E. Hope) as tweede lid is bekend. Dit kom gewoonlik voor in samestellings met persoonsname soos Cawood's Hope en Delportshoop terwyl name soos Good Hope, Forlorn Hope (Verlorehoop) en Bad Hope welbekend is. Die stelling dat volgens hierdie plekname die delwers op die „hoop" teer en in „as" (armoede) vergaan berus op onkunde en ŉ wanbegrip van die delwersnaamgewing. Waar „hoop" in die samestellings met persoonsname voorkom, is die aard daarvan duidelik: dit hou die verwagting (wens) in dat die delwery deur Cawood of Delport ontdek oor ŉ lang tydperk produktief sal wees. In die geval Delportshoop is dit ook bewaarheid daar dié delwery reeds die afgelope 90 jaar bestaan en van ŉ delwerskamp na ŉ delwersdorp met dorpstatus gegroei het.

Die ontstaan van die naam Good Hope as plaasnaam is interessant. Die oorspronklike Good Hope-delwery (1871) is op die noordoewer van die Vaalrivier geleë. Nadat die New Hope-delwery en die Victoria-myn ontdek is, het die Good Hope-delwery feitlik onbekend geraak. Met die uitmeting van plase later en die vooruitsigte wat die Victoria-myn sou inhou, het die landmeter die plaas Good Hope genoem waardeur die oorspronklike naam in eer herstel is. Aan die anderkant het die delwers met hulle voorliefde om delfplekke duidelik van mekaar te onderskei, die oorspronklike Good Hope-delwery, Ou-Good Hope, genoem. Gevolglik het Ou-Good Hope as ŉ wyknaam van die latere Good Hope-delwery geword. Die aangrensende plaas het nie dieselfde vooruitsigte as Good Hope gehad nie. Die delwery daar en die plaas is by uitmeting toe Bad Hope genoem, dus ŉ teenstelling.

Forlorn Hope is ŉ baie ou uitdrukking waarvan die oorsprong Germaans is, dus Verlore(n) hoop. In die pleknaam Forlorn Hope (lett. vertaal: verloren hoop) het ons Verloren = om te verloor d.w.s. nie suksesvol nie + hoop = verwagting. Dié pleknaam het in 1870 ontstaan toe gerugte die rondte gedoen het dat goud hier te vinde was. ŉ Aantal delwers het onderneem om die goud, afgesien van diamante, op te spoor.

1. Schepers: Kultuurbeeld van die Spoeldiamant-Delwersgemeenskappe van Suid-Afrika, p. 113.

Hierdie onderneming (en verwagting) was 'n mislukking en derhalwe die naam, Forlorn Hope. Daar is wel later (1871) tekens van goud gevind maar geen rif is ontdek nie. 1) Last Hope het ontstaan aangesien al die plase in die Laerrivierdelwersgebied reeds geproklameer was behalwe hierdie gedeelte van Winter's Rush. Dit was derhalwe die laaste hoop wat die delwers gehad het op 'n betalende delwery by/naby hulle gevestigde wonings.

Prospek (E. Prospect): Dit kom net in samestellings met persoonsname voor waar dit deurgaans 'n tweede lid is. Die eerste lid is die naam van die delwer terwyl die tweede lid dan plekaanwysend is, byvoorbeeld: Bradysprospek/Brady's Prospect, Jacobsprospek/Jacob's Prospect, e.s.m. Daar is 'n duidelike verskil tussen Prospect as 'n plaasnaam waar die betekenis vooruitsig is, en die delwersbenaming. Die delwersbenaming staan in verband met die soek na diamante, goud, ens. Dit is derhalwe 'n verkorte vorm van E, prospecting en Afr. prospekteer, vandaar Jacobsprospek-plek naas Jacobsprospek = E. Jacob's Prospect naas Jacob's prospecting site.

Sloot (E. Sluit): Hierdie benaming kom net in samestellings voor en wel as 'n tweede lid. Die gebruik in oorspronklike plekname is seldsaam maar in delwers-wykname kom die veelal voor.

Gulley: 'n Later benaming vir 'n spleet in die moederrots met spoelgruis gevul. In samestellings 'n tweede lid waar die eerste die ontdekker aanwys. Afrikaanssprekendes maak deurgaans gebruik van die Engelse benaming.

Breekwater (E. Breakwater): Alhoewel breekwaters reeds in 1903 gebou is waar slegs klein oppervlaktes van die rivierbed drooggelê is, het die groot ondernemings eers na 1918 'n aanvang geneem. Voor 1918 is daar dan hoofsaaklik net van breekwaters as sodanig gepraat maar na 1918 word daar noukeurig tussen die verskillende breekwaters onderskei. Die gevolg is dat elkeen met 'n spesifieke naam onderskei word soos Windsorton-breekwater, Hongerdoring-breekwater, Longlands-breekwater en talle ander. Die samestelling is deurgaans eensoortig: plekaanwysend + beskrywend, en die aard daarvan kom duidelik vorendag.

Poel (E. Pool): Die benede-loop van die Vaalrivier is bekend om sy diep kuile tussen die stroomversnellings. Sommige van hierdie kuile is tot 60 voet diep en van twee tot drie myl lank. Onder die delwers het so 'n kuil bekend geword as 'n poel (E. pool). Sedert 1925 is sommige van hierdie kuile drooggelê deur die bou van breekwaters van enorme grootte. Elkeen van hierdie poele of kuile het dan ook 'n onderskeidende naam gekry, byvoorbeeld: Krismispoel, Websterspoel, Barklypoel, Windsortonpoel, e.s.m. Die verhouding tussen poel en breekwater is dan ook duidelik: 'n poel is 'n plek in die rivierbed wat as gevolg van sy opvanggebied spoelgruis bevat terwyl die breekwater die drooglegging van so 'n kuil bewerkstellig. Gevolglik ontstaan

1. Diamond News, 12. 8. 1871.

daar mettertyd parallelle name vir dieselfde plek soos Longlandspoel naas Longlands-breekwater terwyl daar in die spreektaal sulke name ontstaan het soos Krismispoel naas Krismispoel-breekwater.

<u>Plaasverdeling</u>: Na 1900 het die delwersnaamgewing die gewone patroon in Noord-Kaapland gevolg. Waar plase geproklameer is, is die oorspronklike plaasnaam behou behalwe in enkele uitsonderings soos Beatrys. Daarbenewens het die neiging tussen 1900 en 1930 by plaaseienaars ontstaan om hulle plase in kleiner eenhede te verdeel voor dit proklameer word om sodoende eienaarsregte op elke gedeelte te bekom of om delfverrigtinge slegs tot een gedeelte van die plaas te beperk. Die gevolg was dat hierdie afdelings òf nuwe name gekry het òf met nommers en letters onderskei is. So byvoorbeeld is die plaas Home Rule stuksgewys geproklameer onder die name: Home Rule, Tralee, Hanlan en Riverdale terwyl die gedeeltes van Holpan geproklameer is as Holpan No.1, No.2, ens. Dit geld eweneens die Transvaalse delwerye. 1)

<u>Wykname op geproklameerde delwerye</u>. Wykname is 'n natuurlike ontwikkeling by die delwersgemeenskap om delfplekke te lokaliseer. As die plaas Good Hope as voorbeeld geneem word, het ons die bekende naam Good Hope naas Good Hope-delwery. Maar die delwers op hulle beurt onderskei verskeie delfplekke of wyke, byvoorbeeld: The Gorge, Langkloof, Pannetjie, Bobbejaan-eiland, Potgietersrus, e.s.m., of in die geval van Longlands die volgende: Henegansrus, Pearsonsrus, Plaatjieskop, Riefkoppie, Websterskoppie, en verskeie ander. Uiteraard het elke geproklameerde delwery waar ook al 'n reeks wykname wat hoofsaaklik net aan die delwers bekend is, en so ken elke delwer 'n groot aantal wykname. Sommige van hierdie wykname is slegs van tydelike aard soos name met rus/rush saamgestel, 2) maar ander is weer permanent van aard soos Websterskoppie, Plaatjieskop en Potgietersrus. Hulle het dan ook historiese waarde. Namate die delwersbevolking afneem, raak baie van die wykname onbekend. Dit is ook die geval waar plase vir delwerswerksaamhede gesluit word. Wykname op die delwerye is dus geleentheidsname om slegs delfplekke aan te wys behalwe enkele name wat oorspronklik afsonderlike delwerye was maar later by groter eenhede ingelyf is. Sulke name is derhalwe van historiese belang.

<u>Skimp- en Spotname op die delwerye</u>. Daar het mettertyd op die delwerye ook skimp- en spotname ontstaan. Hulle is ook wykname maar weens hulle aard en ontstaan vorm hulle 'n aparte groep wat deurgaans van tydelike aard is behalwe enkele uitsonderings. In hierdie name kom die delwer se vernuf om te spot baie duidelik vorendag. Voorbeelde is:

<u>Sopieshoogte</u>: Daar was verskeie plekke met dié naam oor die lengte en breedte van die delwerye versprei maar met die loop van jare het hulle weer onbekend geraak. Daar is egter nog twee plekke met die naam bekend: een naby Barkly-Wes, tans swak bekend, waar delwers vroeër hulle sopies gedrink het voordat voordat hulle na hulle onderskeie

---

1. Besonderhede: Register, Mynkantoor, Barkly-Wes.
2. Sien rus/rush hierbo.

wonings vertrek het; die tweede plek is sowat sewe myl van Kimberley op die Perdeberg-pad geleë, die hoogte waar plaasboere en togryers vroeër hulle sopies gedrink het voor hulle na hulle wonings vertrek het.

Pennierus (Penny Rush; Tiekierus (Tickey Rush); Sixpenny Rush: Al hierdie plekke is in die omgewing van Windsorton geleë. Hulle is vandag aan die meeste delwers onbekend. Hulle het slegs historiese waarde waar hulle betrekking het op die waarde van diamantvondse hier.

Sheepskin-draai: Die plek waar daar weekliks, gewoonlik Saterdagaande, 'n dans gehou word. Sheepskin is deurgaans 'n skimpnaam vir armoede, derhalwe sulke uitdrukkings soos Sheepskin-ball, Sheepskin-skoffel (dans) en Sheepskin-konsertina (dans waar net die konsertina gespeel word).

Witdraai: Die plek waar 'n aantal Basters gewoon het wat hulle as blankes voorgedoen het.

Swemhoek: Woonplek van 'n paar ongetroude delwers wat drank misbruik het. Letterlik, hulle swem in die drank (drink b[illegible]) in teenstelling met „drink soos visse."

Minderbekend is wykname wat na onwettige dranklokale op nuutgeproklameerde delwerye verwys. Vir baie mense het sulke name geen sin nie en in die meeste gevalle word dit verkeerd verstaan en vertolk soos die volgende:

Doppiesrus(h): Die plek waar 'n dop (sopie) gedrink word maar vir die oningewyde, die rus (stormloop) of delfplek van ene Doppies.

Glassy's Run: run (E), 'n streep betalende spoelgruis; glassy (E), 'n soort diamant. Oënskynlik die plek waar glasagtige diamante gevind word maar in werklikheid die plek waar glasies geklink word - die onwettige drankhandel.

Hierdie name het hulle ontstaan hoofsaaklik by die beroepsdelwers gehad wat met die vlottende delwersgroepe en hulle le[illegible]se die draak gesteek het.

Die meeste skimpname as wykname het hulle ontstaan voor 1940 gehad veral tussen 1910 en 1940 toe die groot delwerye geproklameer is soos Mosesberg, Killarney, Home Rule, Brakfontein, Swemkuil en die delwerye van Lichtenburg. Die vlottende delwersgroep asook die groot getalle vreemde fortuinsoekers uit die stede het gewoonlik op die nuutgeproklameerde delwerye soos aasvoëls toegesak om dan weer na 'n paar maande te verdwyn. Hierdie mense het die lewe vir die beroepsdelwers uiters moeilik gemaak, vandaar dan ook die ontstaan van baie van dié skimpname. Na 1940 is wetgewing ingedien wat daarop gemik was om die fortuinsoeker-element van die delwery weg te hou. Wat dan opvallend is, is dat skimp- en spotname na 1940 afgeneem het en later selde voorkom. Die redes hiervoor is duidelik: eerstens is die vreemde elemente van die delwerye uitgeskakel en tweedens het die delwersbevolking sedert 1940 geweldig afgeneem.

<u>Persoonsname</u>.

Daar is 'n aansienlike aantal plek- en plaasname in Noord-Kaapland wat 'n afsonderlike groep vorm, nl. die persoonsnaam wat as plek- en plaasnaam dien. In baie gevalle is net die <u>voornaam</u> aan 'n plaas gegee maar die <u>geslagsnaam of van</u> kom ook oor 'n wye gebied voor terwyl daar ook gevalle is waar die <u>voornaam en van</u> van 'n persoon as pleknaam dien.

Die vernoeming van plekke na persone is tipies Westers en die aard daarvan is drieledig: (i) om mense te vereer, (ii) om besitreg aan te dui, en (iii) om 'n plek aan te dui volgens 'n gebeurtenis verbonde aan 'n persoon en wat op 'n bepaalde plek plaasgevind het. Hierdie tipe van naamgewing by die blankes verskil dan ook baie duidelik van die by inboorlinge, veral die Bantoe, waar die persoonsnaam woonplek aandui, dus plekaanwysend soos Ga-Modisa, by (die plek van) Modisa = sy standplaas of stat.

(i) <u>Om te vereer</u>: By die blanke bevolkingsgroepe in Suid-Afrika het ons die (volks)eienskap om vername persone te vereer deur hulle <u>vanne</u> aan dorpe te gee. So word goewerneurs, presidente, staatsmanne, kerkmanne en voorstaande lede van die samelewing vernoem. In Noord-Kaapland en die omliggende streke het ons dan ook 'n besonder lang reeks dorpe wat na vername persone genoem is, o.a.: Kimberley (Lord Kimberley), Beaconsfield (Lord Beaconsfield), Warrenton (Sir Charles Warren), Upington (Sir Thomas Upington), Barkly-Wes (Sir Henry Barkly), Douglas (Sir Percy Douglas), Postmasburg (Ds. D. Postma), Reivilo (Ds. Olivier), Piet Plessis (P. du Plessis, voorheen L.P.R. en L.V. van Vryburg), Ritchie (H. Ritchie), Jan Kemp (Gen. J.C. Kemp), Groblershoop (Piet Grobler, voorheen Min. van Lande) terwyl Boshof, Jacobsdal, e.s.m. welbekend is.

Daar is egter <u>een</u> dorp in Noord-Kaapland wat uitgemeet en geproklameer is en tog nooit tot 'n dorp ontwikkel het nie. Dit is <u>Lanyon</u>.[1] In 1895 verskyn dié proklamasie in die dagblaaie en die Staatskoerant[2] as volg:

PROCLAMATION 323/1895 - Under and by virtue of powers vested in me, I do hereby proclaim, declare and make known that the undermentioned area shall, from and after the date of the proclamation, be excluded from Van Zoelen's Laagte Alluvial Digging situated on the farm Van Zoelen's Laagte (H.V.9) in the division of Barkly West proclaimed by Proclamation No. 193 dated 26. 10. 1888 viz. - A portion of the farm H.V.9 embracing the township of Lanyon as laid out by Mr. A. Sedgwick Wooley, sworn land Surveyer, in extent 46 morgen and 256 sq. Roods and bounded north-west, north-east and south-east by part of the farm No. H.V. 9 owned by the Griffith Mining, Trading and Exploration Company and south-west by the farm H.V.8.

God Save the Queen.

Hercules Robinson. Governor.

---

1. Die ligging van Lanyon moet nie met Klipdam verwar word nie.
2. Register, Mynkantoor, Barkly-Wes.

As gevolg van die Jameson Inval in Transvaal (1896) wat die nywerheidswêreld in Suid-Afrika ontwrig het, die Runderpes (1897-98) en die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het dié dorpie slegs die proklamasiestadium bereik en mettertyd is die bestaan daarvan heeltemal vergeet.

By die vernoeming van dorpe dan is dit baie duidelik dat die van van mense voorkeur geniet. Daar is egter 'n paar uitsonderings waar die voornaam van 'n persoon as dorpnaam gegee is, byvoorbeeld: Marydale, Christiana en Amalia.

In teenstelling met die dorpsname vind ons weer dat waar 'n plaasnaam toegeken word met die doel om 'n persoon te vereer, dit gewoonlik die betrokke persoon se voornaam is wat toegeken word, byvoorbeeld: Annashoop en Beatrys. Daar is egter 'n groep van 27 plase in die noordwestelike hoek van die Kuruman-distrik wat 'n uitsondering vorm aangesien aan hierdie plase deurgaans die vanne van mense as name toegeken is. Hierdie groep plase is in 1920 uitgemeet en deur John Frylinck, destyds prokureur op Kuruman, vernoem. 1) Die name is die van offisiere en soldate wat in 1914-15 deur die woestyn na Suidwes-Afrika getrek het en waarvan sommige later in Duitsoos en Europa gesneuwel het, derhalwe ook die plaasname hier van Mons en Arras. Hierdie plase is die volgende: Berrange, Bryant, Campbell, Chapman, Cowan, Cullinan, Cumming, Davidson, De Klerk, Dickerson, Gillanders, Glyn, Harvey, Hugh Legg, Jones, Millar, Norris, Overland, Pearce, Pringle, Rush, Robert, Thackeray, Tom Brown, Tuckey, Van der Hoff en Van der Venter.

Behalwe hierdie plaasname het ons nog Vanzylsrus wat ook sy ontstaan in 1914 gehad het terwyl die naam Mannerheim, 'n plaas in die Vryburg-distrik, eweneens na die Eerste Wêreldoorlog verwys.

(ii) Besitreg: Waar die naamgewing besitreg aandui, handel ons in Noord-Kaapland deurgaans met plase. Opvallend in die verband is dat waar eiendom as woonplaas of as algemene besitting na die eienaar vernoem is, daar tref ons die van van die persoon aan, byvoorbeeld: Aucampsrus, Badenhorstfontein, Lombaardsvlakte, Clarkesdale, Smitsrus(t), e.s.m. In baie gevalle tref ons net die van aan soos Frylinck, Enslin, e.a. Aan die anderkant weer vind ons dat waar plaasverdeling plaasgevind het, veral om kinders „grond" te laat erf, sulke gedeeltes soms na die erfgenaam (-name) vernoem word en dan kry die voorname voorkeur. Soms kom die naam sonder 'n tweede lid voor soos Helena, maar in die meeste gevalle is dit ook 'n samestelling soos Annashoek.

Die interessantste groep in hierdie afdeling is waar twee of meer persoonsname tot 'n eenheid saamgestel word. Dit kan òf die voorname van persone in 'n gesin wees òf die vanne van eggenoot en eggenote, byvoorbeeld: Louhannra = Louisa + Johann + Rachel = Lou-hann-ra;

---

1. John Frylinck was ook die verteenwoordiger van die Rhodesian Railway maatskappy wat die eienaar van dié plase was.

Martoitdene: Maritz (eggenoot) + Du Toit (eggenote) + dene = Martoit-dene.

(iii) Gebeurtenisse: Alhoewel die reeks name in hierdie afdeling nie so omvangryk is nie, vorm dit 'n interessante verskeidenheid. Sommige van hierdie name staan in nou verband met historiese gebeurtenisse soos Schweizer-Reneke, Louwsvlakte, Fouriesgraf, Honeyskop, Bokkelsgraf en Diasonsklip terwyl ander weer met die volksbedrywe skakel soos Taylerspan: pan deur hom ontdek en sy geliefde jagplek; Abel-se-duin: plek waar een Abel ... 'n deftige l esing van 'n jagmaat ontvang het; Vanvredensdwaling: plaas waar die landmeter Van Vreden verdwaal het; Neilersdrif: drif in die Oranjerivier waar Neiler gevestig het. Hy sou sendingbewus gewees het en die Koranna aldaar ten goede beïnvl ed het.

Daar is reeds hierbo na persoonsname as delwersplekname verwys. Kenmerkend van hierdie plekname is dat slegs die van van die persone in die samestellings voorkom. 'n Kenmerk hier is dat die voorname of voorletters van die ontdekkers byna deurgaans onbekend is. Die rede hiervoor is duidelik: weens die reuse kosmopolitiese bevolking van die delwerye was die ontdekkers aan die meeste delwers onbekend en die klem het deurgaans op die van geval. 1) Selfs in proklamasies, kennisgewings en koerantverslae is slegs die ontdekker se van vermeld, byvoorbeeld: Jacobsrus, Cawood's Hope, Liversage's Rush, e.s.m. Alleen in enkele gevalle is die voornaam of voorletters van die ontdekker bekend soos in die geval van Potgietersrus.(Petrus Potgieter), Wilson's Patch (Fred Wilson) en Pearson's Rush (Joe Pearson) en dan ook hoofsaaklik by die ontdekkers van die afgelope dertig jaar.

Die Bybelnaam as pleknaam.

Die aard en ontstaan van Bybelname as plek- en plaasname in Noord-Kaapland bring mee dat dit in twee afdelings geplaas word. Daar is die minderheidsgroep wat hulle ontstaan by die sendelinge gehad het en 'n meerderheidsgroep plaasname wat hulle ontstaan by die pioniers en latere trekboere gehad het.

Die bydrae van die sendelinge is besonder skraal, byvoorbeeld: Jerusalem in die Warmbad-distrik, S.W.A., Priel by Barkly-Wes, Hebron, die plaas waarop later die dorpie Windsorton aangelê is, terwyl eerw. Christiaan Albrecht in 1812 die plaasnaam Xamas (//gami) met die naam Pella vervang het.

Die pleknaam Danielskuil, later 'n dorpnaam, is deur Bêrend Bêrendse toegeken. 2) Bêrendse was egter geen sendeling nie alhoewel hy as 'n hulpprediker saam met Andries Waterboer by Griekwastad in 1814 aangestel is. 3) Later het hy hom op Danielskuil gevestig en daarna (1828) na Boetsap verhuis.

1. Vergelyk p. 27, afdelings: Prospek en Gulley.
2. Sover bepaal kon word.
3. Apprenticeship at Kuruman (Schapera), pp. 123-124; p. 124 - aant., 17.

Die meeste plaasname met Bybelname het hulle ontstaan by die blanke pioniers gehad. Sedert die dae toe die eerste blankes na die binnelandse hoogvlakte uitgewyk het, was hulle van die Europese beskawing afgesny. In hierdie isolasie het hulle nie verwilder geraak of verbaster nie. 1) Die rede hiervoor moet by hulle godsdienssin gesoek word. Die Afrikaner was godsdienstig. Preller skryf hieroor: „Die tipiese Afrikaner se doen en late is godsdienstig geörienteer: die godsdiens beheer sy uitsig op die lewe. Sy godsdiens kan as een van sy uitstaande trekke beskou word ..." 2)

Die Bybel was dan vir die Afrikaner ŉ familieboek: dit was beide leer- en leesboek. Dit was ook die boek vir die beoefening van die godsdiens: die gereëlde huisgodsdiens - saans, soggens en Sondae. Vader en moeder het gewoonlik hardop gelees en die kinders het aandagtig geluister. Nie alleen het hierdie hardop lees as ŉ model gedien nie maar die gelese deel is baie duidelik aan die kinders oorgedra wat dit weer op hulle beurt moes oorvertel of vrae daaroor beantwoord. Die gevolg was ŉ besondere kennis van die Bybel-inhoud. Plekke soos Jerusalem en Jerigo, Betlehem en Damaskus, Elim en Mara, Gosen en Egipte, die Jordaan en die Nylrivier was welbekend uit die Bybel.

Geen wonder dan dat waar moeilikhede of gebeurtenisse op die trekpad of in die daaglikse lewe ŉ ooreenkoms met die Bybelverhaal getoon het, daar het dit soms die gevolg gehad dat ŉ Bybelnaam aan ŉ plek toegeken is. Want as Jerusalem ŉ wonderstad was - die middelpunt van wat goed is - dan is Jerigo die bose plek wat vernietig is, ŉ teenstelling dan. ŉ Vrugbare plek is soos Betlehem (broodhuis) in teenstelling met die onvrugbare of woestynagtige omgewing, terwyl Eden, die paradys sonder sorge is en die plaas Paradys tog ŉ baie mooi plek is. En waar die water brak is of die boer smarte ondervind het, was hy by Mara, maar weldra kom hy ook by Elim (groot bome), ŉ rusplek aan. En so kry die een sy Ebenhaeser en die ander sy Betel; so vind ŉ derde na jare van swoeg en swerwe sy De:fla (ŉ mooi plaas) terwyl ŉ ander reeds jare lank gelukkig en tevrede op Bosra woon.

Die aard en ontstaan van ons plaasname wat Bybelname is, is maklik om te verstaan en verg hier geen verdere verduideliking nie.

<u>Die Uitheemse plek- en plaasnaam.</u>

By die ontleding van die uitheemse plek- en plaasname in Noord-Kaapland het dit duidelik geword dat nêrens in ons land so ŉ groot aantal oor so ŉ wye landsoppervlakte as juis hier in Noord-Kaapland voorkom nie.

Die ontstaan van hierdie name val saam met die geskiedenis van Noord-Kaapland: die Albanie-projek, die ontdekking van diamante en die anneksasie van Griekwaland-Wes en Brits-Batswanaland. Die gevolg was dat sakemanne, plaasboere en landmeters uitheemse name aan honderde

1. Nepgen: Die Sosiale Gewete, p. 58.
2. Preller: Historiese Opstelle, p. 125.

**Author:** Van Vreeden Barend Frederick
**Name of thesis:** Die Oorsprong en Geskiedenis van Plekname in Noord Kaapland en die Aangrensende Gebiede. 1961

***PUBLISHER:***
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.